higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR-VLAK 2

(3011032)

22 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

484Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SKEPPING VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR-VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae noukeurig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommerstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou Draai asseblief om

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 'n Vennootskap moet statute by die Registrateur van Maatskappye indien.

1.1.2 Bedryfskoste is die direkte en indirekte koste om 'n besigheid aan die gang te hou.

1.1.3 Die punt waarop uitgawes meer as inkomste is, staan bekend as 'n gelykbreekpunt.

1.1.4 Private maatskappye bied gewoonlik hul aandele aan die publiek aan.

1.1.5 Eskom is 'n voorbeeld van 'n regeringsorganisasie.

1.1.6 Boeke en regeringsrekords is bronne van sekondêre data.

1.1.7 Marknavorsing kan gebruik word om die risiko van 'n nuwe mededinger te maksimeer.

1.1.8 'n Staafgrafiek kan gebruik word om die resultate van 'n opname te interpreteer en om statistiese ontleding te gee.

1.1.9 Finansiële bydraes wat van vriende en familie ontvang word, is 'n vorm van ekwiteitsfinansiering.

1.1.10 Verbruikersbehoeftes, begeertes en eise is konstant en verander nie met die tyd nie.

1.1.11 Bedreigings kom slegs van buite die besigheid.

1.1.12 Een besigheid kan die hele waardeketting op basies dieselfde perseel bestuur.

1.1.13 Die kliënte en gemeenskap verwag van besighede om gemeenskapsprojekte te ondersteun.

1.1.14 Verskaffers, debiteure en kliënte is voorbeelde van interne belanghebbendes.

1.1.15 'n Sopkombuis is 'n voorbeeld van 'n private maatskappy.

(15 × 2) (30)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Negatiewe faktore wat 'n besigheid verhoed om sy doelwitte te bereik	A	inkomstestaat
1.2.2	Staat wat die inkomste en uitgawes van die besigheid aandui	B	balansstaat
1.2.3	Die bedrag wat by die kosprys van 'n produk gevoeg word om die wins te bepaal	C	kapitaal
1.2.4	'n Gedetailleerde finansiële plan	D	bedreigings
1.2.5	Geld wat gebruik word om 'n besigheid te begin	E	openbare maatskappy
1.2.6	'n Vorm van inkomste vir aandeelhouers	F	stille vennoot
1.2.7	Die uitruil van goedere en dienste tussen partye, vir wedersydse respek	G	privaat maatskappy
1.2.8	Bates met 'n lewensduur van minder as 'n jaar	H	wins ('mark-up')
1.2.9	'n Vennoot wat nie betrokke is by die daaglikse bestuur van die besigheid nie	I	begroting
1.2.10	Lethu (Edms) Bpk	J	handel
		K	dividende
		L	bedryfsbates
		M	spesifieke vennootskap

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die gevallestudie hier onder om die vrae te beantwoord:

Charlie's Fitness Gym



Charlie is 'n jong man wat die meeste van sy vrye tyd in die gimnasium deurbring. Hy het Suid-Afrikaanse kleure in kragoptel verwerf en het op nasionale en internasionale vlak meegeding. Een van sy uitdagings is dat hy twee taxi's moet neem om by die gimnasium uit te kom. Dit het finansieel nie sin gemaak nie, en hy het besluit om iets daaraan te doen.

Hy het sy ouers gevra om hom te help om hul dubbelmotorhuis in 'n gimnasium te omskep omdat hy moeg is vir die reiskoste. Hy het geld gespaar en vir hom gimnasiumtoerusting gekoop. Dit het hom 3 maande geneem om sy gimnasium by die huis op te bou. Sy broer het hom gehelp met ekstra geld om diefwering op die deure en vensters te sit om die gimnasiumtoerusting te beveilig.

In 'n japtrap was sy gimnasium aan die gang en hy het baie geld gespaar. Dit het hom in 'n posisie geplaas om 'n algemene werker aan te stel. Die ouers in die buurt het hom ook genader om hul kinders op te lei en hulle was bereid om daarvoor te betaal.

Charlie het uiteindelik 'n besigheid uit sy uitdaging gemaak en die kinders in sy buurt opgehef en bemagtig. Dit is 10 maande later en hy is nou besig om die gimnasium te vergroot sodat hy meer kinders kan akkommodeer. Hy sal ook een van hulle oplei om 'n fiksheidsafrigter te word. Charlie's Fitness Gym is die enigste gimnasium in die buurt en besigheid is baie goed.

2.1 Hoe het Charlie sy fondse bekom om die besigheid te begin? (2 × 1) (2)

2.2 Vir 'n SWOT-analise:

2.2.1 Lees die gevallestudie en noem EEN bedreiging vir die besigheid. (1)

2.2.2 Hoe het Charlie hierdie bedreiging in 'n sterk punt verander? (2)

2.2.3 Noem TWEE sterk punte van die besigheid. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.3 Lys TWEE belanghebbendes van die besigheid. (2 × 1) (2)

2.4 Met betrekking tot Maslow se hiërargie van behoeftes:

2.4.1 In watter kategorie val Charlies Gym? (1)

2.4.2 Lys die ander VIER kategorieë. (4 × 1) (4)

2.5 Daar is TWEE faktore wat veroorsaak dat 'n entrepreneur 'n besigheid begin – die 'trek' of 'stoot'-faktor.

2.5.1 Watter een het veroorsaak dat Charlie die besigheid begin het? (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord uit die gevallestudie. (2)

2.6 Charlies Gym is 'n eenmansaak. Gee DRIE nadele van 'n eenmansaak.(3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 3

3.1 Noem en verduidelik kortliks die DRIE hoofsektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (6)

3.2 Pas elk van die volgende stellings by 'n instelling hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.4) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

SACE; LSSA; HPCSA; SAIGR

3.2.1 Die rekenmeester was betrokke by geldwassery.

3.2.2 'n Onderwyser is skuldig aan wangedrag.

3.2.3 Die prokureur is korrup.

3.2.4 Die dokter het die verkeerde medikasie aan 'n pasiënt voorgeskryf.

(4 × 1) (4)

3.3 Marknavorsing is 'n goeie aanduiding of jou besigheid suksesvol sal wees of nie.

Verduidelik kortliks die volgende terme en sluit voorbeelde in.

3.3.1 Marksegmentering (2 + 1) (3)

3.3.2 Sekondêre data (2 + 1) (3)

3.3.3 Waarneming (1 × 2) (2)

Kopiereg voorbehou

3.4 Wat is die verskil tussen *aanvangskapitaal* en *bedryfskapitaal*? (2 × 2) (4)

3.5 Watter geldeenheid/geld moet jy gebruik wanneer jy in die volgende lande handel dryf?

3.5.1 Suid-Afrika

3.5.2 VSA

3.5.3 Engeland

(3 × 1) (3)
[25]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks die rede waarom professionele liggame en verenigings bestaan. (1 × 2) (2)

4.2 Noem DRIE uitgawes van Charlie's Fitness Gym. (3 × 1) (3)

4.3 Kyk na die volgende stellings en motiveer waarom jy met elkeen saamstem of nie saamstem nie.

4.3.1 Dit is beter om geld by jou gesin te leen om jou besigheid te begin. (1 + 2) (3)

4.3.2 Dit is beter om geld te spaar en dan jou besigheid te begin. (1 + 2) (3)

4.3.3 Dit is beter om jou werk te bedank en die geld te gebruik om 'n besigheid te begin. (1 + 2) (3)

4.4 Ontwerp 'n vraelys vir Charlies Fitness Gym en fokus op die volgende aspekte.

- Die persoonlike inligting van die lede
- Die bekostigbaarheid
- Die verskillende pakkette wat by die gimnasium aangebied word

Die vraelys moet bestaan uit:

- 'n Kort inleiding
- TWEE geslote vrae
- DRIE oop vrae

(11)
[25]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE metodes om 'n begroting te bestuur en te beheer. (2 × 2) (4)

5.2 Noem DRIE basiese aktiwiteite wat algemeen is vir alle besighede. (3)

5.3 Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n *vaste bate* en 'n *bedryfsbate.* (2 × 2) (4)

5.4 Definieer die volgende terme:

5.4.1 Tasbaar ('Tangible')

5.4.2 Ontasbaar ('Intangible') (2 × 2) (4)

5.5 Voltooi die tabel hier onder om die verwagte omset vir Charlies Fitness Gym te bepaal. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.5.1–5.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hulle vra R400 vir twee lede per maand.

Maande	April	Mei	Junie	Totale
Pakkette	21	34	26	(5.5.1) …
Omset	(5.5.2) …	(5.5.3) …	(5.5.4) …	(5.5.5) …

(5 × 2) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou